



Op pad na die Kruis

Studie vanuit die
Markus
Evangelie

VOORWOORD

Jesus se verhaal begin reeds lank voor die Skepping. Hy was daar toe alles geskep is, en Hy sal daar wees aan die einde van die tyd.

Eenmaal per jaar maak die kerklike kalender dit vir ons moontlik om deur die gebeure van die laaste weke van Jesus se lewe te stap. Sommige skrywers noem dit die Passie van Jesus, nog ander noem dit die lyding van Jesus.

Vir hierdie studie gaan ons vanuit die Markusevangelie werk. Die evangelie skrywer vertel van die bediening van Jesus vanaf sy doop deur Johannes die Doper, tot sy dood, begrafnis en die ontdekking van sy leë graf. Dit beeld Jesus uit as 'n leermeester, 'n geneser en 'n wonderwerker. Jesus verwys na homself as die Seun van die mens.

Die passie of lyding van Jesus sluit in Jesus se triomfantelike intog in Jerusalem, sy reiniging van die tempel, sy salwing, die Laaste Avondmaal, Jesus se lyding in die tuin, sy arrestasie, sy Sanhedrin-verhoor, sy verhoor voor Pontius Pilatus, sy kruisiging en sy dood op Goeie Vrydag, sy begrafnis en sy opstanding. Dit het alles tydens

sy laaste week op aarde gebeur. Gebaseer op Filippense 2:7, het Jesus se lyding egter by geboorte begin, aangesien Hy homself moes verneder om 'n mens te word en om tussen die mense te woon wat Hy gekom het om te red.

Vir die doel van hierdie studie gaan ons nie net konsentreer op die laaste week van Jesus se lewe op aarde nie, maar ons begin ongeveer ses maande voor Sy dood aan die Kruis.

Die duidelikste en sekerste vertoon van die heerlikheid van God vind ons in die lyding van die beste Persoon in die heelal vir miljoene onverdiende sondaars. Daarom is die uiteindelijke rede waarom lyding in die heelal bestaan, sodat Christus die grootheid van die heerlikheid van die genade van God kan vertoon deur in homself te ly om ons lyding te oorkom en die lof van die heerlikheid van die genade van God te bewerkstellig.

Mag hierdie studie uit die Markusevangelie jou help om die lyding wat Christus moes oorkom, beter te verstaan om verlossing vir jou sondes te verkry.

Soli Deo Gloria

INHOUD

Week 1:	Jesus voorspel 3 maal Sy eie dood
Week 2:	Vorbereiding vir Jesus se dood en begrafnis
Week 3:	Jesus weet Sy dissiples sal hom verlaat, verloën en verraai
Week 4:	Jesus se intense worsteling in Getsemane
Week 5:	Jesus se onregverdige behandeling deur die Jode, Pilatus en die soldate
Week 6:	Jesus se teregstelling, dood en begrafnis